Omuramba
BOEREVERENIGING

NLU NAU AGRIBRAAI 2024

# NLU AGRIBRAAI 2024

## BELANGRIKE INLIGTING EN REËLS

## BRAAISPANNE:

1. **Tema** van 2024 NLU Agribraai: ***"Bees – Boer – Braai".***
2. **Inskrywings** per epos – nluagribraai2024@gmail.com
3. Inskrywings sluit: ***31 Mei 2024***
4. Boerevereniging spanne en Sosiale spanne word tot 20 inskrywings per kategorie beperk. ***"first come, first serve".***
5. Braaispanne bestaan uit ***4 lede***. Ondersteuners mag saam kuier in en om die stalletjie. Boerevereniging spanne moet tenminste uit drie boerevereniging lede bestaan.
6. **Braaistalletjies:**
    - Stalletjies vir braai en onthaal word **3m x 6m** uitgemeet op die Rugbyveld.
    - Geen gate in die gras en geen vuur direk op die gras word toegelaat nie!
    - Voorsien eie toerusting vir – **braai** (rooster, tang, potte, panne, ens.), **kombuis/onthaal** (tafels, stoele) en **beskutting teen die natuur** (son, wind, stof, reën).
    - Die stalletjies word nie beoordeel nie, maar netheid en 'n goeie indruk is belangrik.
    - Dui die naam van Boerevereniging- of Sosiale span duidelik aan op/by die stalletjie.
    - Hekke open Vrydag, 14 Junie 2024 om ***07:00*** vir braaispanne om stalletjies op te rig.
    - Geen voertuie sal Saterdagoggend op die Rugbyveld toegelaat word nie. Deelnemers moet dus probeer om Vrydag reeds die stalletjies klaar op te rig.
    - **10kg hout** per braaispan word voorsien. Spanne is welkom om eie hout/kole te bring.
    - Daar is waterpunte naby die stalletjies; deelnemers moet net sorg vir houers.
    - Geen kragpunte is beskikbaar.
    - Bring asb vullissakke om oortollige vullis te berg.
7. **Kompetisie:**
    - Beoordelaars besoek elke span volgens 'n **tydskedule** om die kos te beoordeel.
    - Die eerste 10 spanne van elke afdeling wat inskryf, sal die geleentheid kry om te besluit hoe laat hulle beoordeel wil word. Die res sal hul tydskedule Vrydagaand ontvang. Beoordeling begin reeds **11:00** Saterdag. Wees stiptelik en betyds!
    - Elke span moet hul kos vir die beoordelaars op 'n **tafel, toonbank** of ander **oppervlak** bedien tydens die vooraf bepaalde tyd.
    - Spanne kan 'n tafel voorberei vir die 3 beoordelaars en kan self besluit hoe die geregte voorgesit word, bv. beoordelaars se borde kan reeds "geplate" word per bord of disse kan individueel, buffet-styl voorgesit word met die beoordelaars wat self opskep. Dit is 'n lang dag vir die beoordelaars, maak dit lekker uniek vir hulle.
    - Kos kan op enige toestel of wyse gaar gemaak word, solank die hitte afkomstig is van **hout of houtskool**. Enige gereg wat met behulp van 'n **elektriese toestel of gas** gaargemaak word, sal

Channel Kanaal 7
Feedmaster Your Quality Solution
NAMIB POULTRY BECAUSE YOU DESERVE BETTER
namibmills FEEDING THE NATION

**onmiddellik gediskwalifiseer** word.

- Voorgereg, hoofgereg en nagereg gaan tydens dieselfde tydgleuf beoordeel word maar moet apart voorgesit word.
- Die beoordelaars sal na afloop van elke span se beoordeling kortliks terugvoer gee aan die braaispan.
- Geen rou uitstalling word beoordeel nie, maar daar sal wel beoordelaars rondbeweeg wat die **beste indruk en spangees** beoordeel.

8. **Spyskaart:**
    - Braaispanne ontvang al die bestanddele vir hul geregte Saterdagoggend:

**Hierdie jaar is daar ʼn geheime bestanddeel wat in die nagereg gebruik moet word.**

**Voorgereg:**

- Bees murgbene
- Braaipap

**Hoofgereg:**

- Porterhouse steak
- Koring
- Spinasie

**Nagereg:**

- Lemoene
- Mahangu meel

9. **Verbode Produkte:**
    - *Klaargemaakte souse*: Moet nie soppoeier of klaar gemaakte (pakkies) souse gebruik nie. Skep julle eie smaak. Wat julle wel kan gebruik, is blatjang, tamatiesous en mayonnaise om geur by te sit, maar hoe meer jy jou eie smaak skep, hoe beter.
    - ***Enige produk wat vooraf by die huis gemaak is, is verbode***.
    - ***MSG***: MSG is ʼn middel in speserye soos Aromat, wat geskep is om smaak uit kos te bring, maar dit vat die natuurlike smaak van kos weg. Die beoordelaars weet gou as daar MSG- produkte in jou kos gebruik is.
10. **Boereverenigingspanne** wat verder as 200 km reis ontvang ʼn brandstof koepon.
11. Etes en 'n kontantkroeg sal vanaf Vrydag 14 Junie 2024 op die gronde beskikbaar wees.
12. Sekuriteitswagte sal ten alle tye op die terrein wees sowel as dwarsdeur die nag.
13. Bekendstelling van braaispanne vind plaas om **18:00, Vrydagaand** in die tent. Dit is verpligtend vir braaispanlede om die verrigtinge in hul **"spandrag/braaidrag"** by te woon sodat almal kan sien wie julle is en hoe julle lyk.

Channel Kanaal 7
Feedmaster Your Quality Solution
NAMIB POULTRY BECAUSE YOU DESERVE BETTER
namibmills FEEDING THE NATION

**14.** Alle braaispanne moet **Saterdagoggend, 15 Junie** om **07:00** in die biertent wees. Hier ontvang spanlede belangrike inligting, bestanddele en tydskedules sowel as ontbyt. Die eerste 10 inskrywings sal die geleentheid kry om te kies hoe laat hulle wil beoordeel word en die res sal Vrydag hul tye ontvang.

**15.** Die inligting word eenmalig vir die hele groep deurgegee en begin **stiptelik om 07:30.**

**16.** Die NLU Agribraai prysuitdeling begin om **17:30 Saterdagaand** in die biertent.

**17.** Groot pryse is op die spel vir die Boerevereniging en Sosiale Spanne:

- Die algehele wenners in die Boereverenigingafdeling wen **N$20 000 kontant** en die vooreg om die kompetisie in 2025 aan te bied.
- Die Boerevereniging in die **tweede plek** ontvang **N$6 000 kontant** en die **derde plek** stap weg met **N$4 000 kontant**.
- Die algehele wenner in die Sosiale afdeling wen **N$10 000** kontant.

**18.** In elke afdeling van die kompetisie is daar lekker pryse op die spel.

**19.** Beoordelaars wenke:

- Onthou dat genoeg kombuisgereedskap jou voorbereiding gedurende die dag sal vergemaklik.
- Goeie spangees word altyd gedurende die beoordeling verwelkom.

**20.** Wees stiptelik en vriendelik.

**21.** Maak gerus gebruik van die internet, resepteboeke, jou oom, tannie, niggie of buurvrou vir kos-idees.

**22. Pryse en punte verdeling:**

| **Afdelings:** | **Pryse:** | **% van total:** |
|---|---|---|
| **Beste indruk** *(kombuisvernuf, kombuis higiëne vriendelikheid, gasvryheid)* | *Wenners* | - |
| **Beste Spangees** *(Spangees van braaispan sowel as ondersteuners oor die twee dae)* | *Wenners - Groot prys!!!* | - |
| | | |
| ***Voorgereg*** | *(1ste , 2de en 3de prys)* | *30%* |
| ***Hoofgereg*** | *(1ste , 2de en 3de prys)* | *50%* |
| ***Nagereg*** | *(1ste , 2de en 3de prys)* | *20%* |
| ***Algeheel*** *(Totaal van Voor-, Hoof- en Nagereg)* | *(Braai Kampioene, 2de plek en 3de plek)* | ***100%*** |